

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 29: Acharei Mot (מֹת אַחֵרֵי): Na die Dood

יהוה *het met Moshe gepraat ná die dood van die twee seuns van Aharon, wat gesterf het toe hulle nadergekom het aan die Teenwoordigheid van יהוה. Lev. 16:1 – PWL¹*

Parashah 30: K'doshim (קְדוּשִׁים) – Afgesonderde (Heilige) Volk

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: “Praat met die hele vergadering van die kinders van Yisra'el en sê vir hulle: ‘Julle moet afgesonderd wees, want Ek, יהוה, julle God, is Afgesonderd. Lev. 19:1 en 2*

Torah: Lev. 16:1 tot 18:30 en Lev. 19:1 tot 20:27

Haftorah: Eseg. 22:1 tot 19 en Amos 9:7 tot 15 en Eseg. 20:2 tot 20

Nuwe Verbond:

Parashah 29: Rom. 3:19 tot 28; Rom. 9:30 tot 10:13; 1 Kor. 5:1 tot 13; 6:9 tot 11; 2 Kor. 2:1 tot 11; Gal. 3:10 tot 14; Hebr. 7:23 tot 10:25.

Parashah 30: Matt. 5:33 tot 37 en 43 tot 48; Matt. 15:1 tot 11; Matt. 19:16 tot 30; Matt. 22:33 tot 40; Mark. 7:1 tot 23; Mark. 12: 28 tot 34; Luk. 10:25 tot 39; Rom. 13:8 tot 10; Gal. 5:13 tot 26; Jak. 2:1 tot 9; 1 Petr. 1:13 tot 21.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir:

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Parashah 29 wat afgelaai kan word by: [Parashah29Notas14](#) en [Parashah29Notas15](#) en [Parashah29Notas16](#).

Parashah 30 wat afgelaai kan word by: [Parashah30Notas14](#) en [Parashah30Notas15](#) en [Parashah30Notas16](#)

God did not save us to make us happy, He saved us to make us holy – Jerry Benjamin.

We live in a day where we are more afraid of holiness than we are of sinfulness – L. Ravenhill.

What would happen in our day if believers were to get honest about their sin and serious about pursuing holiness? – Anonymous

It is not the sty that makes the pig, but the pig that makes the sty – Chadwick

Unless we have WITHIN us that which is ABOVE us, we will eventually yield to that which is AMONG us – Anonymous.

Torah Bespreking

Hersiening

Die vorige twee Parashot, naamlik *Tazria* en *Metzora* is vol voorbeelde van hoe YHVH se kinders onrein kan word en bevat die instruksies hoe om weer rein te word. Hierdie instruksies was alles 'n skadubeeld ('n sinnebeeld) van die toekomstige verlossing in Yeshua. Daarom volg ons nie meer die instruksies vir reiniging nie, want in Yeshua is dit vervul. MAAR, die beginsels waarvolgens ons as wedergebore kinders van YHVH onrein kan word het nie verander nie!! Die beginsel waarvolgens ons weer rein kan word het nie verander nie, maar wel die wyse, naamlik soos dit in Yeshua Messias vervul is.

Die besnydenis is ook in Parashah 27 bespreek ([Parashah27Notas17](#)) en is 'n baie goeie voorbeeld van wat die Torah van Yeshua – die nuwe verbond – ons leer teenoor dit wat in die Torah van Moses – die ou verbond – geskryf is. Dit dien ook as bewys dat die Torah van Moses verander het. Die slotsom is dat volgens die lering van die nuwe verbond is die fisiese besnydenis nie meer 'n vereiste nie, maar wel die besnydenis van die hart.

En tog is dit die algemene siening van die Messiaanse Beweging dat fisiese besnydenis steeds vereis word. In die verband het ek onlangs 'n e-pos ontvang waarin 'n leier van die 'Hebriac Teaching Group' in Suid Afrika aan my skryf:

Jy is korrup Johan. Want die voorhuid van die hart moet besny wees (Deut 10:16) net soos die voorhuid van die vlees besny moet word.

Hierdie is 'n ernstige misleiding en 'n bevestiging dat hierdie persoon wat as 'n leier in die Messiaanse Beweging in Suid Afrika, en soos talle ander, nie die Skrifte van die nuwe verbond ten volle glo en uitleef nie. Selfs Paulus se woorde in 1 Kor. 7:17 tot 19 waar hy baie duidelik en onomwonde verklaar dat fisiese besnydenis nie meer onder die nuwe verbond vereis word nie, word verwerp!

¹⁷Elkeen moet leef met dit wat יהוה hom gegee het, net soos elkeen was toe God hom geroep het en so beveel ek in al die gemeentes. ¹⁸Was iemand besny toe hy geroep is, moet hy nie terugkeer na onbesnedenheid nie. Was iemand onbesny toe hy geroep is, moet hy hom nie

laat besny nie. ¹⁹Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die uitvoer van die opdragte van God, is wat tel.

Diegene wat bely dat Yeshua die Messias is en steeds die fisiese besnydenis verkondig as vereiste om deel van YHVH se koninkryk te wees en om Pesag te mag gedenk, volg die Torah van Moses en nie die Torah van Yeshua van die nuwe verbond nie! Dan is Rabbynse Judaïsme diegene se leermeester en nie Yeshua nie! Die vraag is dus: Wie is jou Rabbi? Hierdie vraag word bespreek in 'n artikel wat afgelaai kan word by [Okt15Leermeester](#).

Die volgende video van Koos Richter wat oor die doel en die betekenis van die ware besnydenis handel, word ook aanbeveel: <https://www.youtube.com/watch?v=pliPByTw7qo>

Die Beperkte Duur Van Die Torah Van Moses

Die Skrifte van die nuwe verbond bevestig dat die Torah van Moses nie bestem was om vir ewig heerskappy oor die mens te voer nie. Dit het vir 'n vasgestelde tyd 'n bepaalde doel gedien, naamlik om die tugmeester (gids) te wees wat Israel geestelik in bewaring gehou het tot Yeshua se koms.

²³ Maar voordat die vertrouwe gekom het, is ons begelei deur die wet terwyl ons afgesny was van die vertrouwe wat op die punt was om openbaar te word. ²⁴ **Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertrouwe,** ²⁵ **maar sedert die vertrouwe gekom het, is ons nie onder 'n gids nie,** ²⁶ want julle is almal kinders van God deur die vertrouwe in Yeshua, Die Gesalfde Een, ²⁷ want julle almal wat in Die Gesalfde Een gedoop is, het Die Gesalfde Een aangetrek. ²⁸ Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua. ²⁹ As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename. Gal. 3:23 tot 29

Diegene wat Rabbynse Judaïsme as leermeester het, is verblind vir hierdie waarheid. Hulle sien nie dat Yeshua die einddoel van die Torah van Moses was nie!

Want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou. Rom. 10:4.

Om steeds te glo dat die gelowige in Yeshua onder die Torah van Moses staan, is verblind vir YHVH se Raadsplan van die herstel van die mens om weer na die beeld en gelykenis van God te wees, soos dit aan die begin voor die sondeval was.

Baie van diegene glo dan ook dat die navolging van Joodse gebruike en tradisies 'n terugkeer na hulle Hebreeuse wortels en ware Christenskap is, maar meesal is die gevolg dat die fokus juis nie meer op Yeshua en die Skrifte van die nuwe verbond is nie! Ons moet onthou dat ons Hebreeuse wortels begin by Abraham, Isak en Jakob en nie by Rabbynse Judaïsme nie!

Om die Torah van Moses steeds van toepassing te maak op gelowiges in die nuwe verbond, is om gevaar te loop om deur onderhouding van die wet geregverdig te wil word.

4As jy onskuldig verklaar wil word deur die wet, is jy afgesny van Die Gesalfde Een. Julle het weggeval van die onverdiende guns af, ⁵want ons, deur die seëning van die Gees, wat deur vertrouwe is, bly in die aktiewe verwagting tot onpartydige opregtheid, ⁶want in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua, is nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige iets, *maar vertrouwe wat deur liefde volmaak gemaak is.* Gal. 5:4 tot 6.

Die volgende Skrifte verklaar dat die Torah van Moses van beperkte duur was:

Hoekom dan die geskrewe wet? Dit is bygevoeg omrede die afdwaling totdat die Erfgenaam sou kom aan Wie die belofte gemaak is en daardie geskrewe wet is deur die belofte gegee, deur die hand van 'n tussenganger. Gal. 3:19.

Die Torah van Moses is bygevoeg weens die sonde van die goue kalf! Hierdie Skrif bevestig ook dat die wet die tugmeester was tot Yeshua sou kom – *totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom* (AOV). Die Een aan wie die belofte gemaak is – die Saad – naamlik Yeshua het gekom! Die Torah van Moses is gegee om Israel geestelik en fisies in bewaring te hou en sodat Israel moet leer en vertsaan wat sonde is, asook om by hulle die verlange te wek na 'n Verlosser!

Bogenoemde is die waarheid wat talle in die Messiaanse Beweging nie wil aanvaar nie, naamlik dat die Torah van Moses gegee was om 'n spesifieke doel te vervul totdat Yeshua Messias – die Saad van die Vader – sou kom. Yeshua is die Saad van die Vader wat gekom het sodat elkeen wat in Yeshua glo se sondes – die oortreding van die Torah van Moses – vergewe kan word, asook vir vergifnis vir die verbreking van die boek van die verbond (Ex. 19:5 tot 24:11). Silo, naamlik Yeshua Die Gesalfde Een, die Een aan Wie die septer behoort, het gekom!

Die staf sal van Y'hudah nie weggaan nie, nóg die wetgewer van tussen sy voete uit totdat die Een kom aan Wie die septer behoort; aan Hom sal die nasies gehoorsaam wees. Jes. 49:10.

Verwys ook Num. 24:17 en Deut. 18:15 tot 18.

In die artikel van Ina van Niekerk word hierdie waarheid volledig bespreek en dit kan afgelaai word by: [ToeSiloGekomHet](#).

Die Torah van Moses het getuig van Silo! Daarom het Yeshua gesê:

⁴⁵Dink julle dat Ek julle by die Vader aankla? Daar is een wat julle aankla, Moshe op wie julle 'n versekerde verwagting het, ⁴⁶want ás julle Moshe geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskryf. ⁴⁷Aangesien julle nie glo wat hy geskryf het nie, hoe gaan julle glo wat Ek sê?" Joh. 5:45 tot 47.

Daarom het Moses ook aan Israel gesê:

¹⁵ יהוה, jou God, sal 'n profeet soos ek uit jou midde, uit jou broers, vir jou laat opstaan; na hom moet julle luister ¹⁶volgens alles wat jy van יהוה, jou God, by Horev gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: 'Laat my nie weer die stem van יהוה, my God, hoor nie en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sal ek sterf.' ¹⁷ יהוה het vir my gesê: 'Hulle het goed gepraat.' ¹⁸Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel. Deut. 18:15 tot 18.

Paulus tref ook die volgende vergelyking in Rom. 7:1 tot 6 om te bevestig dat daar 'n oorgang was vanaf die Torah van Moses na die Torah van Yeshua soos dit in die Skrifte van die nuwe verbond vir ons gegee word.

¹Asof julle nie weet nie, my broers, want ek praat met díé wat die geskrewe wet verstaan, dat die geskrewe wet outoriteit het oor die mens so lank as wat hy lewe; ²net soos die getroude

vrou in die geskrewe wet aan haar meester gebonde bly solank hy leef, maar as die man dood is, is sy deur die geskrewe wet losgemaak van haar man. ³As sy weggaan vir 'n ander man terwyl haar meester leef, sal sy vir hom 'n egbreekster wees, maar as haar meester sou sterf, is sy vry van die geskrewe wet sodat sy nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie. ⁴Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra, ⁵want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra, ⁶maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie.

Paulus stel dit baie duidelik in vers 4 dat ons soos die vrou is wie se man gesterf het en nou vry is om aan 'n ander te behoort – *Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra.*

Deur vertrou behoort ons nou aan Yeshua en volg ons Sy Torah, naamlik die Torah van die nuwe verbond. Ons is die bruid en Yeshua die Bruidegom. Die *ketuba* (huwelikskontrak, die Torah van Moses) van Israel se vorige huwelik is tot niet verklaar en ons het deur vertrou in Yeshua ons verbind tot 'n nuwe *ketuba* ('n nuwe verbond) waarvolgens ons in vertrou en in gehoorsaamheid lewe. Paulus bevestig dus dat daar 'n verandering in YHVH se Torah plaasgevind het!

Paulus verduidelik dit verder ook soos volg in Gal. 4:1 tot 5:

¹Ek sê: solank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy nie van die slawe nie, alhoewel hy hulle almal se meester is, ²maar hy staan onder voogde en toesighouers tot op die tyd, soos deur sy vader bepaal is. ³So was ons ook, toe ons kinders was, in slawerny onder die beginsels van die wêreld, ⁴maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en onderworpe aan die geskrewe wet, ⁵om die wat onder die geskrewe wet was, los te koop sodat ons die aanvaarding as kinders kon ontvang, ⁶maar omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: “Ons Vader!”

Onder die Torah van Moses was ons soos kinders wat onder voogde en toesighouers gestaan het. En hoewel ons die erfgenaam (van die belofte) was, was ons in slawerny – dit is slawe van die Torah van Moses. Daarom moes ons wag tot die tyd wat deur die Vader bepaal was om Sy seun te stuur. *Hy is uit 'n vrou gebore en onderworpe aan die geskrewe wet, om die wat onder die geskrewe wet was, los te koop.* Elkeen wat vertrou in Yeshua as die Messias is losgekoop van die vloek van die wet (Gal. 3:13) en word 'n seun ('n kind) van YHVH-God. Daarom gee God die Gees van Sy Seun in elkeen se verstand, wil en emosie wat uitroep tot die Vader: “Ons Vader!”

Die Torah van Moses as deel van YHVH se bloudrukplan, kon egter nie die gewete volkome maak (reinig) nie!

⁹Dit was 'n bloudrukplan vir daardie tyd, waarin daar geskenke en offers gebring is, wat hom, wat hulle offer, se gewete nie volkome kon maak ¹⁰deur kos, drank en verskillende reinigingswassinge, wat vleeslike instellings is, wat vasgestel is tot op die tyd van hervorming, nie. Heb. 9:9 en 10.

Hierdie is slegs enkele bewyse van die feit dat die Torah van Moses nie bestem was om vir ewig heerskappy oor die mens te voer nie. Dit het slegs vir 'n vasgestelde tyd 'n bepaalde doel gedien, naamlik om die tugmeester (gids) te wees wat Israel geestelik in bewaring gehou het tot Yeshua se koms.

En tog wil die meerderheid in die Messiaanse Beweging nie hierdie waarheid aanvaar nie, want vir hulle het die Torah van Moses so belangrik geword dat dit feitlik 'n afgod geword het wat in die plek staan van 'n verhouding met YHVH deur Yeshua Die Gesalfde Een.

Die Tekortkominge van die Torah van Moses

Sommige mense, veral Rabbynse Judaïsme, sal aanstoot neem met die stelling dat die Torah van Moses sekere tekortkominge het. En tog is dit die getuienis van die Afgesonderde Skrifte!

Eerstens is dit belangrik om te verstaan dat die Torah van Moses slegs 'n skaduwee was van die toekomstige genade in Yeshua. Dit was 'n skaduwee van die goeie dinge wat sou kom en ons weet 'n skaduwee gee vir ons beperkte inligting van dit waarvan dit 'n skaduwee is – dit bevat nie die kern nie.

*1*want die geskrewe wet was 'n skaduwee van die goeie dinge wat sou kom, nie die kern van die dinge nie omdat die offers wat elke jaar gebring word, dié wat hulle offer, nooit volmaak kan maak nie, *2*want as dit volmaak gemaak het, sou hulle sonder twyfel opgehou het om te offer omdat hulle geen gewete meer oor sondes sou hê nadat hulle een maal gereinig is nie, *3*maar deur die offers onthou hulle elke jaar hul sondes, *4*want dit is nie moontlik vir die bloed van bulle en jaaroud bokke om die sonde weg te was nie. Heb. 10:1 tot 4.

Die Torah van Moses kon nie die mens volmaak maak nie. Dit kon nie die sondes deur die verskillende offerandes en wassing vir ewig wegneem nie. Die Torah van Moses kon nie die mens se gees wederbaar en as geregverdig deur vertrouwe verklaar nie. Nee, die Torah van Moses kon slegs deur die tabernakel, offerandes, wassings en feestye die rigtingwyser na die volmaakte werk deur Yeshua wees.

Yeshua Messias het in alle opsigte die Torah van Moses oortref en het Sy volk by 'n beter verbond gebring waarvan Hy die Middelaar en Ewige Hoofpriester volgens die orde van Melgisédek is. Die Torah van Moses – die geskrewe wet – het niks tot sy einddoel, naamlik tot voltooiing en volmaaktheid van YHVH se Raadsplan bewerkstellig nie!

*15*Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan. *16*Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie, *17*want Hy getuig aangaande Hom: “U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,” *18*want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie, *19*want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit. *20*Hy het dit aan ons bevestig deur 'n eed, *21* want hulle was priesters sonder 'n eed, maar Hy met 'n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: “יהוה het 'n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,” *22*waarvolgens Yeshua van 'n baie beter verbond die waarborg is. Heb. 7:15 tot 22.

Lukas bevestig in Hand. 13:38 en 39 die tekortkominge van die geskrewe wet toe hy geskryf het dat dit alleenlik deur vertrou in Yeshua is dat ons onskuldig verklaar word van alles waarvan die wet (Torah) van Moses ons nie onskuldig kon verklaar nie!

38** daarom moet julle weet, broers, dat deur hierdie Man, die bevryding van sondes aan julle verkondig word **39** en dat elkeen wat vertrou, deur Hom onskuldig verklaar word **van alles waarvan julle deur die wet van Moshe nie onskuldig verklaar kon word nie.

So ook verduidelik Paulus dat die Torah van Moses kragteloos (swak) tot geregtigheid was weens die sieklikeid van die vlees.

***1** Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, **2** want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, **3** want omdat die wet swak was, deur die sieklikeid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel **4** sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4.*

Die Torah van Moses was kragteloos (swak) weens die mag van die sonde en weens die begeerlikhede van die vlees. Die fout was nie as sulks met die Torah van Moses nie, want dit is goed, afgesonder en regverdig (Rom. 7:12). Nee, die probleem was met die mens se geneigdheid tot sonde weens ‘n onbesnede hart. Daarom het God sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees gestuur om die sonde in Sy vlees te veroordeel. Deur vertrou in Yeshua as Die Gesalfde Een word die mens se gees wederbaar en daarom leef die mens nie meer na die vlees nie, maar wel na die Afgesonderde Gees.

Die slotsom is dat die Torah van Moses tekortkominge gehad het en daarom net van toepassing was tot die volmaakte sou kom om dit wat onmoontlik vir die wet was in Yeshua te volbring.

Bepeins of Bespreek

1. Die Torah van Moses is slegs ‘n skaduwee van die Karakter en Outoriteit van YHVH-God. Slegs die Afgesonderde Gees kan vir ons die openbaring gee van die Karakter en Outoriteit van YHVH.

***10** God het dit aan ons deur Sy Gees openbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God, **11** want wie ken die innerlike van die mens, as dit nie die gees van die mens is wat in hom is nie? Net so weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God, **12** maar ons het nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat vanuit God is sodat ons kan verstaan wat God vir ons uit onverdiende guns gegee het.*

1 Kor. 2 10 tot 12.

Navolgers van Rabbynse Judaïsme is nie met die Afgesonderde Gees gevul nie en daarom sien hulle slegs die skaduwee van die Karakter en Outoriteit van YHVH. Dit wat Yeshua vir Nikodémus gesê het (Johannes hoofstuk 3), is dus ook vandag op Rabbynse Judaïsme van toepassing. En so ook het hulle nog nie die verandering ondergaan waarvan die profeet Esegïel geprofeteer het nie – verwys Eseg. 36:26 en 27.

Lev. 16:1 – Ons Taakoms krywing

Parashah 29 begin met ‘n herinnering aan die dood van Nadab en Abihu (Lev. 16:1, met verwysing na Lev. 10:1 en 2). Hulle het nie hulle “taakoms krywing” volgens YHVH se voorskrifte (Torah) uitgevoer nie en het gesterf!! Hulle het die grense van dit wat *kadosh* (heilig, afgesonder) en *tahor* (rein) is oorskrei en opgetree in die realm (area) van *chol* (onheilig) en *tamei* (onrein). Met ywer het hulle in ‘n toestand van onreinheid volgens hulle eie geregtigheid opgetree en geglo dit sal vir YHVH aanvaarbaar wees!

As koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisédek moet ons dienswerk, naamlik ons taakuitvoering, te alle tye geskied in die realm van *kadosh* (heilig, afgesonder) en *tahor* (rein) en moet ons voldoen aan die vereistes van die Torah van die nuwe verbond.

Soos voorheen al verduidelik is, is *kadosh* (heilig, afgesonder) plus *tahor* (rein) die pad (proses) van afgesonderdheid (heiligmaking) en van ‘n lewe van oorvloed in Yeshua waar Satan nie kan steel, moor en verwoes nie! Afgesonderdheid en reinheid (reiniging) is die proses van vernuwing van die gemoed (Rom. 12:2). ‘n Toestand van *tamei* (onrein) wat vertroetel word, sal uiteindelik ‘n toestand van *chol* (onheilig) en geestelike dood veroorsaak, naamlik om nie meer YHVH se reddende genade deelagtig te wees nie. Die realm van onrein en onheilig word ondermeer soos volg beskryf:

maar julle ken die dade van die menslike natuur; dit is: seksuele oortredings, onreinheid, wellustigheid, aanbidding van afgode, towery, vyandskap, tweedrag, jaloesie, woede, hardkoppigheid, misleiding, valse leringe, afguns, moord, dronkenskap, orgies en soortgelyke dinge en dat die wat hierdie dinge doen, soos ek vroeër gesê het en nou weer sê, nie die Koninkryk van God sal erf nie.” Gal. 5:19 tot 21

Die ‘taakoms krywing’ (die ‘pligtestaat’) van die Melgisédek priesterdom, is soos dié van die Levitiese priesterdom, die bewakers en instandhouders van dit wat afgesonder en rein is. Ons moet die realm van *kadosh* (afgesonder) bewaak en instandhou sodat dit nie deur die realm van *chol* (onheilig) binnegedring kan word en skade doen nie. So moet ons ook seker maak dat die realm van *tahor* (rein) in plek bly, sodat dit nie deur die realm van *tamei* (onrein) besoedel word nie. Dit in kort is ons plig as priesters in die Koninkryk van Yeshua.

Wees Afgesonder (Heilig)

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Praat met die hele vergadering van die kinders van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Julle moet afgesonderd wees, want Ek, יהוה, julle God, is Afgesonderd. Lev. 19:1 en 2

Die begin van Parasha 30 neem ons terug na die aankoms van Israel by die berg Sinai toe YHVH deur Moses aan die volk gesê het:

Julle het gesien wat Ek aan die Egiptenare gedoen het en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na My toe gebring het. Daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle ‘n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. Julle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die kinders van Yisra’el moet sê.” Ex. 19:4 tot 6.

Om afgesonder (heilig) te wees, en as afgesonderdes (heiliges) te lewe, is ‘n duidelike opdrag van die ou verbond. Hierdie opdrag is ook van toepassing vir die gelowige van die nuwe verbond.

Daarom, bind die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een, soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie, maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is, omdat daar geskrywe is: “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is.” 1 Pet. 1:13 tot 16

Petrus brei dan hierop uit en skryf verder:

Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het ‘n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een. 1 Pet. 2:5.

Julle is ‘n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, ‘n afgesonderde volk, bymeakaargemaak en bevry, om die lofpriysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig. 1 Pet. 2:9.

Open 5:8 tot 10 bevestig dat YHVH van Sy volk vereis om ‘n afgesonderde (heilig) koninklike priesterdom te wees. Dit was die opdrag aan die begin en dit steeds die opdrag vir vandag en sal tot aan die einde van dae die opdrag wees!

⁸Toe Hy die boekrol ontvang het, val die vier wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met ‘n snaarinstrument en ‘n goue bak vol soet speserye, wat die gebede van die afgesonderdes is, ⁹wat ‘n nuwe lofpriysingslied sing en sê: “U is waardig om die boekrol op te tel en sy seëls los te maak, want U is doodgemaak en het ons vanuit elke stam, volk en nasie, met U bloed, vir God losgekoop, ¹⁰en U het hulle, vir ons God se Koninkryk, priesters en konings gemaak en hulle sal oor die aarde heers.”

Die Betekenis van Afgesonder (Heilig)

In die Afrikaanse en Engelse vertalings van die Skrifte word die woord *heilig* (*holy*) en nie *afgesonder* gebruik: *Wees heilig, want Ek is heilig*. Dit is egter belangrik om die betekenis van die Hebreeus vir *heilig* (*afgesonder*), naamlik *kadosh* te verstaan.

Heilig (afgesonder) beteken om seremoniëel en moreel rein te wees en om toegewy en afgesonder vir ‘n bepaalde doel te wees.

In Engels: *to be consecrated and set apart*. In die lig hiervan kom die betekenis van *kadosh* meer duidelik na vore deur eerder die woord *afgesonder* te gebruik. Om die ware betekenis van *afgesonder* (heilig) egter te verstaan, moet ons die betekenis van *kadash* (heilig) volgens Hebreeuse denke verstaan. Dit kan kortliks soos volg verduidelik word:

In alle gelowe (godsdiens) vind ons die konsep van heilig en die algemene siening is dat dit beteken om apart of afgeskei van die wêreld te wees. Die uiterste vorm hiervan is in Katolisisme waar ‘n man of vrou as monnik of non afgeskei van die res van die wêreld in ‘n klooster lewe. Hierdie gebruik vind ons ook in Hinduïsme waar ‘n leefwyse apart van die wêreld gepaard gaan met meditasie. Die afstanddoening van sekere alledaagse genietinge vorm ook deel van die algemene siening van heilig. Deur geskei van die wêreld te lewe en deur sekere basiese genietinge prys te gee, word daar na afgesonderdheid gestrewe. Hierdie afgesonderdheid gaan dan ook meesal gepaard met ‘n kenmerkende kleredrag wat die persoon as sogenaamd afgesonder onderskei.

Is dit egter wat YHVH bedoel toe Hy gesê het: *Wees afgesonder, want Ek is afgesonder* (Lev 11:44 en 45; 19:2; 20:7; 1 Pet. 1:15 en 16)?

Eerstens moet ons beseef dat YHVH ons nie 'n opdrag sal gee wat nie menslik haalbaar is nie. Derhalwe is dit belangrik om te verstaan wat dit beteken as YHVH sê dat Hy afgesonder is. Indien ons dit verstaan, kan ons YHVH navolg om te wees soos Hy is.

Die vraag is dus: Is YHVH afgeskei en afgesonder van die wêreld? Die antwoord is: Nee!! YHVH is Alomteenwoordig! Hy is teenwoordig in elke aspek en faset van hierdie wêreld wat Hy geskape het. Hy is Alomteenwoordig in die negatiewe en die positiewe. Ongeag wat gebeur is YHVH se Karakter en Outoriteit egter dieselfde – gister, vandag en tot in ewigheid. Hy is die Onveranderbare! Sy Karakter en Outoriteit verander nie. Sy Torah bly staande te midde van alles wat in die wêreld gebeur! Hy word nie aan bande gelê deur dit wat gebeur nie. YHVH se Karakter en Outoriteit, soos in Torah uiteengesit word, bly onveranderd en sal uiteindelik in elke aspek en faset van hierdie wêreld geld en toegepas word. YHVH is teenwoordig in alles, maar Hy bly onveranderd. Dit is die betekenis van afgesonder (heilig).

Daarom wil YHVH nie hê dat ons afgesonder (geskei) van hierdie wêreld moet leef nie. Hy verwag nie van ons om onself te isoleer en nie met die wêreldse in aanraking te kom nie. Nee, YHVH wil hê dat ons elkeen so 'deurdrenk' van Sy Torah moet word dat dit wat in die wêreld gebeur ons nie sal laat verander of sal laat struikel nie. Ons moet YHVH se Torah, soos dit in die nuwe verbond vir ons gegee word, in hierdie wêreld wees! Sy Torah moet nie net ons eie lewens beïnvloed en verander om gelykvormig aan Yeshua te word nie, maar ook die van ons geliefdes en van die omgewing waarmee ons in aanraking kom. Dit is om afgesonder te wees soos wat YHVH afgesonder is.

Om toegewy en afgesonder te wees beteken dus nie om jouself te isoleer uit hierdie wêreld nie. Afgesonder is om steeds in hierdie wêreld te wees, maar om nie deur die wêreldse beïnvloed te word nie. Nee, dit is om jou alledaagse lewenswandel en jou skeppingsdoel volgens YHVH se Torah – Sy onderrig, instruksies en wysheid soos dit in Yeshua vervul is – te rig en om op die wyse die wêreld om jou te beïnvloed. Ons is in hierdie wêreld, maar ons is nie deel daarvan nie. Ons moet die lig in hierdie wêreld wees!

Ons kan ook die volgende dan vra: Hoe lyk iemand wat afgesonder is? Daarmee verwys ons nie net na die persoon se uiterlike voorkoms nie, maar na die karakter en hoedanighede van 'n persoon wat afgesonder is. Hoewel voorkoms 'n aanduiding van afgesonderheid kan wees, is dit nie die maatstaf waarmee afgesonderdheid gemeet word nie. Sou ons YHVH Yeshua kon 'sien', sou ons wel geweet het hoe YHVH se afgesonderheid 'lyk'.

Daarom het Yeshua gesê dat as ons Hom sien, dan sien ons ook die Vader (Joh. 14:9). Nou weet ons dat Yeshua die Woord (die Torah) van YHVH is wat vlees geword het (Joh. 1:1). Daarom weet ons hoe afgesonderdheid 'lyk' wanneer ons na Yeshua die Lewende Woord 'kyk'.

Torah-gehoorsaamheid soos dit in Yeshua vervul is, en in die nuwe verbond openbaar gemaak word, maak ons vry van sonde sodat ons diensbaar aan YHVH se geregtigheid kan wees (Rom. 6:16 tot 18). Elkeen wat YHVH se Torah van die nuwe verbond hoor en doen, sal gelukkig wees in alles wat hy doen (Jak. 1:25; Ps.1:1 tot 3; Jos. 1:8) en sal afgesonder wees!

In Heb. 2:11 lees ons ook dat *Hy wat afsonder maak, sowel as hulle wat afgesonder word, is almal vanuit Een*. Daarom is ons geroep tot afgesonderdheid en sonder afgesonderdheid sal ons nie ons Meester sien nie.

Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. 1 Thess, 4:7

Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand ons Meester sal sien nie; Heb. 12:14

*Of weet julle nie dat bese mense nie die Koninkryk van God sal erf nie? Moenie mislei wees nie! Geen persoon wat vrye seksuele gemeenskap beoefen of beelde aanbid of buite sy huwelik seksuele gemeenskap het of seksuele molesteerders of homoseksuele of valeses of diewe of dronkaards of moeilikheidmakers of uitbuiters sal die Koninkryk van God erf nie. Ván hierdie dinge was in elkeen van julle, maar julle is skoon deur die doop, **julle is afgesonderd**, julle is onskuldig verklaar in die Outoriteit en Karakter van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een en deur die Gees van ons God. 1 Kor. 6:9 tot 11.*

Dit is betekenisvol dat die vierde en vyfde gebod eerste genoem word ten opsigte van afgesonderd vir YHVH te wees (Lev. 19:3). Hierdie is bevestiging van die belangrikheid van die Shabbatsgebod en van die gebod om ouers te eer en te eerbiedig.

Opsommend: Afgesonder en afgesonderdheid is om die liefde van YHVH, en die Woorde van Torah van Yeshua toe te laat om ons te deurdrenk en ons gedagtes, woorde en daede te vernuwe totdat ons gelykvormig aan Yeshua, die lewende Torah, word en ons as te ware instrumente van aanbidding word.

Die Teenoorgestelde van Afgesonder

Wat is die teenoorgestelde van afgesonder en van afsondering? Indien afgesonder, soos ons gesien het, beteken om te dink, te praat en te doen wat Torah ons leer, dan is die teenoorgestelde om anders te dink en te praat en te doen as wat Torah ons leer. Dit is om dit wat afgesonder is te bring tot die vlak van dit wat alledaags is en waarmee die wêreld kan identifiseer. Dit is vermenging, bekend as sinkretisme. Daarom is Torahloosheid (on gehoorsaamheid) die teenoorgestelde van afgesonder en van afsondering. Dit is om YHVH se Torah te ontheilig, naamlik om dit te onteer, te skend en ydelik te gebruik, en dit is lastering van YHVH.

Opsommend: YHVH sonder ons af deur Torah-gehoorsaamheid en ons ontheilig (onteer) dit wat Hy afgesonder het deur Torah-on gehoorsaamheid.

Laat ons nooit vergeet dat die Afgesonderde Gees ons leer, lei en herinner volgens dit wat in Torah geskryf staan, ongeag hoe geestelik ons mag voel of dink ons is! **Die Afgesonderde Gees sal ons nooit op 'n wyse lei wat teenstrydig met YHVH se Torah is nie!!**

Bepeins of Bespreek

1. Word ons as afgesonder by wedergeboorte verklaar, of word ons afgesonderd (geheilig) deur 'n leefwyse van gehoorsaamheid aan Torah, of is beide stellings waar? Bespreek dit in die lig van 1 Kor. 1:30 – *Vanuit Hom is julle in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua, wat vir ons die Wysheid van God, Onpartydigheid, Opregtheid, Afsondering en Verlossing, geword het.* Is dit waar om te sê: Ons word nie soseer beveel om afgesonder te wees nie, maar eerder beveel om deur gehoorsaamheid aan Torah dit toenemend te word. Deur YHVH se onderrig, en deur die krag van die Afgesonderde Gees, word ons instaat gestel om afgesonder voor YHWH te lewe.
2. Holiness comes by faith and through obedience to God's laws and ordinances. God then purifies the heart by faith, and the heart becomes purged from that which is profane and

unworthy. When **holiness** is achieved by conforming to God's will, one knows intuitively that which is wrong and that which is right before the Lord.

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.